Geloofsbelydenis van Nicea

Johannes 14:1-17

Liturgie: Lied 151:1-2, Psalm 119:6-7 (p 587), Lied 169:1-3, SB 12-2:1, 4.

Inleiding

Ons belydenis sê Jesus is uit die Vader gebore, nie gemaak nie. Van die Heilige Gees weer sê die Nederlandse Geloofsbelydenis: Hy is nie gebore, gemaak of geskep nie, maar gaan slegs uit van die Seun en Vader. Hoe moet ons dit verstaan? Wat beteken dit dat Jesus gebore is, nie gemaak is nie? Wat beteken dit dat die Heilige Gees nie gebore, geskep of gemaak is nie, maar van die Vader en Seun uitgaan?

Dit is belangrik dat ons hierdie moeilike vrae vra, want die Bybel is in die eerste plek Godsopenbaring. Dit vertel ons wie God is. By die gelowige mens moet daar altyd 'n verwondering oor God wees. Soek en jy sal vind, sê Jesus. Terselftertyd moet ons erken dat God te groot is om te omvat. Die Here bestaan van ewigheid af en is nie gebonde aan tyd en plek nie. Hy het die heelal, planete, sterre, mane en sonnestelsels totstand gebring. So groot is God, dat ons menslike taal te beperk is om oor God te praat. Ons kan slegs beelde gebruik, en dan, is selfs die beelde wat ons gebruik geneig om in mekaar te tuimel. As jy wonder hoe groot God is, gaan kyk net na die fotos van die heelal wat deur die James Webb ruimte teleskoop geneem is. Binne die groot perspektief van die heelal is die aarde so klein soos 'n sandkorreltjie. Die menslike geskiedenis is maar 'n flikkering in die heelal. Niks meer nie. Die psalmdigter stel dit so mooi in Psalm 139:7-9: "Waarheen sou ek gaan om U Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan U teenswoordigheid te ontkom? Klim ek op na die hemel is u daar, gaan le ek in die doderyk is U ook daar. Vlieg ek na die ooste of gaan woon ek in die verre weste, ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas."

Ons vind nie in die bybel een teksgedeelte of een hoofstuk wat alles vir ons vertel van wat van God te vertelle is nie. Nee, die bybelse getuienis is versprei tussen boeke en teksgedeeltes in 'n ryke veelheid van beelde, metafore en getuienisse. Dit is hier waar die belydenisskrifte vir ons tot groot hulp is. Die belydenisskrifte vat die getuienis van

die Skrif saam, dit deurdink die getuienis van die Skrif tot sy diepste konsekwensies en gee dan insoverre moontlik vir ons sistematiese antwoorde op ons geloofsvrae.

Dit bring ons weer terug by die eerste vraag. Wat beteken dit dat die Seun van uit ewigheid gebore is uit die Vader. Die term geboorte val vreemd op die oor. Nog vreemder is die Nederlandse geloofsbelydenis se beskrywing van Jesus se geboorte as ‘n ewige geboorte. In ons alledaagse taal verstaan ons ‘n geboorte as iets wat binne tyd en ruimte op ‘n bepaalde moment plaasvind. Duidelik is die geboorte van die Seun uit die Vader iets totaal anders as ‘n menslike geboorte. Die geboorte van die Seun geskied van ewigheid af en gaan op ‘n manier steeds in ewigheid aan. Om die Seun se geboorte te verstaan, moet ons eers verstaan wat die belydenis bedoel wanneer dit stel dat die Seun nie gemaak is nie. Dink vir ‘n oomblik aan ‘n vroulike beeldhouer. Wanneer sy ‘n standbeeld uit klip kap, gee sy nie fisies geboorte aan die standbeeld nie. Die standbeeld is ‘n ding, ‘n voorwerp sonder enige menslike eienskappe. Gestel egter dieselfde vroulike beeldhouer is swanger en sy skenk geboorte aan ‘n kind. Anders as die standbeeld wat sy gemaak het, is die gebore kind nie ‘n voorwerp of ding nie. Hy of sy het ‘n menslike natuur en vertoon die genetiese eienskappe van die ma en pa.

Wanneer die Skrif en die belydenis dan praat van die tweede persoon in die drie-eenheid as die eniggebore Seun van God, gaan dit daaroor dat die Seun goddelike natuur het. Hy is lig uit lig, God uit God. Die Geloofbelydenis van Nicea beklemtoon die goddelike natuur van die Seun juis omdat ‘n sekte (die Arianisme) binne die vroee Christelike kerk die goddelikheid van Jesus ontken het. Die Seun het ‘n goddelike natuur. Mense het nie ‘n goddelike natuur nie. Ons is liggaamlik wesens deur God geskep, nie uit Hom gebore nie.

In teenstelling met menslike geboortes is die geboorte van die Seun uit die Vader ‘n ewige en aanhoudende proses. Geen beeld kan ten volle reg laat geskied aan hierdie diepe misterie nie. Die beste beeld waaraan ek kan dink is die van die son. Die Geloofsbelydenis van Nicea gebruik ‘n soortgelyke beeld wanneer dit praat van die Seun as lig uit lig. Die son is ‘n ster wat bestaan uit gasse met ‘n baie hoe temperatuur. Binne die son vind gedurigdeur kernfusies plaas wat energie skep. Sonder die son wat energie skep sal lewe op aarde onmoontlik wees. Ons kan God die Vader vergelyk met die son. Hy is die Skepper, die bron en oorsaak van alle dinge.

Uit die energie wat die son skep kom daar sonnestrale voort. Hierdie is ‘n voortdurende proses. Sonder die gasbol van die son wat voortdurend deur kernfusies energie skep sal deur geen sonnestrale wees nie. Die ewige geboorte van die Seun dui daarop dat die Seun aaneenhoudend uit die bron van die Vader voortkom, netsoos sonligstrale voortdurend en aaneenhoudend voortspruit uit die son. Die Vader is die bron van die Seun se bestaan, sonder die Vader sal die Seun nie bestaan nie. Die Seun put voortdurend krag en lewe uit die Vader, sy bestaan is ‘n “ewige geboorte.”

Die son en die sonnestrale is onlosmaaklik aan mekaar verbonde, netso is Vader en Seun onlosmaaklik aan mekaar verbonde. In ons teksgedeelte vra Fillipus vir Jesus: Wys vir ons die Vader. Dan antwoord Jesus: Ek is in die Vader en die Vader is in my. Wie my sien, sien die Vader. Paulus beskryf die verhouding tussen Vader en Seun mooi in 1 Korinthiers 8:6: Die Vader is die Een *uit wie* alles totstand kom. Die Seun is die Een *deur wie* alles in aansyn geroep word.

Die beeld van die son het natuurlik een groot tekortkoming. Die son is ‘n natuurverskynsel, terwyl God gees en bewussyn is. Ons belydenis sê God is een wese met drie persone. Met ander woorde binne die een wese is daar drie sentrums van bewussyn. Dink vir ‘n oomblik aan die menslike brein. Die brein is ten nouste ineenverweef, dit is einlik een groot kommunikasie sisteem. Maar tog is daar verskillende dele in die brein elk met hulle eie unieke samestelling en funksie. Dele van die brein beheer hartklop en asemhaling, ander dele maak kognitiewe denke moontlik, terwyl ander dele sensoriese data verwerk. God is bewussyn, Hy is liefde, Hy het denke, Hy is wysheid, Hy het emosies. Hoeveel kere lees ons nie in die bybel van God wat bedroef is, Homself vertoorn het, of jammerte ervaar nie? Hierdie beskrywings van God se emosies is nie maar sommer beeldspraak nie.

Kom ons kyk nou volgende na wat die belydenis oor die Heilige Gees sê. Die Heilige Gees is nie gebore of gemaak nie, maar kom voort uit beide die Vader en die Seun. Wat word hiermee bedoel? Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees waarom ons nie van die Heilige Gees as ‘n maaksel of skeppeling kan praat nie. Soos die Seun, deel die Heilige Gees ten volle in die goddelike natuur. Hy is God, nie ‘n maaksel wat buite God se goddelike natuur bestaan nie.

Maar tog is die Heilige Gees nie uit die Vader of Seun gebore nie. Hy gaan volgens die belydenis van hulle uit. Hierdie woorde van die belydenis is direk ontleen aan

Johannes 15:26. In hierdie vers noem Jesus die Heilige Gees die waarheid wat van die Vader uitgaan. Hoe moet ons dit verstaan? Die naam Gees beteken letterlik asem. In die Ou Testament word gepraat van God se *ruach* en *nismat*. Wanneer die Here die mens skep, blaas hy sy gees by wyse van spreke in die mens met die gevolg dat die mens ‘n lewende wese word. In die Nuwe Testament word die woord *pneuma* gebruik wat op ‘n soortgelyke wyse dui op God se lewendmakende gees en kreatiewe krag.

In ons teksgedeelte word verwys na die Vader wat in die naam van Jesus die Heilige Gees na ons stuur. Op ander plekke word weer gepraat van die Seun wat die Heilige Gees stuur. Die Heilige Gees gaan slegs uit van die Vader en Seun wanneer Hy gestuur word. Anders as die Seun wat aanhoudend uit die Vader gegenereer word en voortdurend God se krag na die skepping uitstraal, en so alle dinge onderhou, is die Heilige Gees ‘n persoon binne die Drie-Eenheid wat binne die wese van God bly, en slegs van God uitgaan wanneer Hy gestuur word. Dink aan die proses van asemhaling. As ek inasem trek ek my longe vol lug. Die lug is in my. As ek uitasem stel ek weer lug vry na buite. Die Gees bly in die Vader en Seun, en Hy gaan van die Vader en Seun uit wanneer Hy gestuur word. Met die oorspronklike skepping is die Heilige Gees gestuur. Hy is die lewensasem wat God skenk, die energie, die kreatiewe krag van God wat lewe bring. Die bybel praat van *inwoning.* Met ander woorde, die Gees is betrokke en teenswoordig in God se skepping. Hy is nie die skepping nie, maar hy woon in die skepping en deur sy krag onderhou Hy alle dinge. As God sy Gees van die skepping sou onttrek, sou die skepping onmiddelik tot niet gaan. En tog getuig die Skrif van ‘n toename, ‘n groei in intensiteit, van die werking van die Heilige Gees. Met Pinkster word die Gees uitgestort om in ons harte te leef.

Terwyl die Vader die bron God se krag is, en die Seun die weg is waardeur God sy krag uitoefen, is die Heilige Gees die een wat God se werke ons tot tot volkomendheid bring. Kom ons kyk weer na die beeld van die son. Die son is die bron van energie, deur sonstrale word hitte en energie na die aarde uitgestraal, en wanneer die sonstrale ‘n plant bereik vind ‘n chemiese proses - ‘n fotosintese - plaas wat die plant laat groei. Die Heilige Gees is die een wat die fotosintese laat plaasvind. Hy is die Heiligmaker, die Een wat geloof in ons harte werke, die een wat ons die vrugte van die geloof laat dra.

Helaas geen beeld kan volkome reg laat geskied aan God se verhaal nie. Die stamelende wyse waarop ons oor God praat dui op sy geweldige grootheid. Dit is uiters belangrik dat ons God met eerbied en ontsag dien. As ons in direkte kontak met God sou kom, sou sy absolute krag en mag ons verteer. In die Ou Testament word dit telkens gestel dat die een wat God sien sekerlik sal sterwe. Dink maar net wat met die aarde sal gebeur as dit direk met die son in kontak kom. Die son sal die aarde binne oomblikke verteer. Maar hierin lê ‘n groot misterie. Die Almagtige God oefen nie sy absolute krag op ons uit nie, Hy perk sy eie krag in. Hy maak ruimte vir ons sodat ons in ‘n verhouding met Hom kan staan. Reeds in Genesis 1 lees ons dat die Here die mens as sy rentmeester op aarde instel. Die mens <u>moet</u> namens God en in gehoorsamheid aan God, heers oor die aarde. Wat beteken dit anders as dat God sy absolute krag inperk, en ruimte gee vir die mens om te handel? In Fillipense 2 lees ons baie uitdruklik van God wat sy eie mag inperk. Met die vleeswording gee die Seun iets van sy Goddelike majesteit prys, Hy neem die gestalte van ‘n slaaf aan. Verder is dit ook opvallend dat die Here in sy groot liefde altyd ruimte laat vir ‘n menslike respons. In die Ou Testament gee Hy sy wette deur aan Israel, Hy roep hulle op tot gehoorsaamheid, Hy waarsku, Hy probeer oortuig, Hy bemoedig. Maar Hy vat nooit totale beheer van die mens nie. Die volk kry altyd geleentheid om te reageer, keuses te maak, in tweegesprek met God te tree. In 2 Petrus 3 lees ons dat die Here in sy groot lankmoedigheid nog aan ons geleentheid gee om onsself te bekeer. Selfs na Pinkster wanneer die Heilige Gees in ons harte kom woon, omvorm Hy ons nie tot robotte wat sonder om te dink net God se bevele uitvoer nie. Nee, sê Jesus in Johannes 16:13: Die Heilige Gees sal julle *lei* in die waarheid. Soos sonstrale energie skep en lewe moontlik maak, sonder om lewe te verteer, so vul die Gees ons met sy lewensmakende krag, sonder om ons eie wil en vryheid te vernietig. God is naby ons en verkwik ons. Netsoos die son se strale lewe skenk aan die aarde skenk God lewe aan ons. En tog is God op ‘n manier ook ver. Hy oordonder ons nie. Ons kry net genoeg sonstrale. Die Seun is die tussenweg, die middelaar, tussen ons en die Vader. Sonder die Seun as Middelaar sou die glorie van God ons verteer.

Wat beteken al hierdie dinge vir ons? Dit roep jou op tot ‘n respons. Wat is jou respons? Sien jy nog die grootheid van die Here raak? Stel jy nog jou vertroue in God? Dien jy God met die nodige eerbied en ontsag? Maak jy nog genoeg erns met die

kosbare band wat God tussen jou en Hom geskep het? Voorwaar, net ‘n blinde mens, net ‘n absolute dwaas, kan die kragtige werking van God miskyk.